

## God duld nie onreg nie

Habakuk leef ongeveer 800 vC. Dit gaan woens in sy tyd. Daar is hope korrupsie en geweld. Regters word omgekoop. Slegte mense saai verwoesting. Elkeen maak soos hy wil. Dis volksgenote en gemeentelide wat hierdie dinge aan mekaar doen! Habakuk, die profeet, is moedeloos. Hy bid, maar dit is asof die Here hom nie hoor nie!

Verstaan ons Habakuk se versugtinge? Hopelik doen Christene goed aan mekaar, maar in ons land is baie onreg. Mense word sommer vir 'n selfoon of 'n paar rand doodgeskiet. Regsake hang in die lug. Die polisie erken hulle onmag. Uitgeslape skelms loop opregte mense in. Korrupsie smeul voortdurend soos 'n ashoop. Wat nou? Watter hoop is daar?

Die Here leer ons deur Habakuk dat ons Hom kan vertrou. Hy sien ons pyn en lyding. Hy sal help. So bly ons bid en hoop.

Dan gebeur die wonder. God antwoord helder en duidelik. Die regte tyd het aangebreek. Wat gaan God doen? Ons lees daarvan in 1:5-11. Hy gaan die Galdeërs stuur as sy roede. Onregwerkers gaan deur groter onreg omgeploeg word. Wetteloses gaan deur groter wetteloosheid as hulle eie getref word.

So leer die Here alle onregwerkers 'n les wat hulle nooit sal vergeet nie – ja, om hulle tot angs en bekering te bring. Bly op die Here wag, bid, doen reg, want die uitkoms is naby!

Sing: Psalm 48:4

Dr NP Heystek (Emeritus)